



STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 1088

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 10c PRICE
 OORSEE 15c OVERSEAS
 POSVRY—POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 1088

Registered at the Post Office as a Newspaper

Vol. 43]

PRETORIA, 24 JANUARIE 1969
 24 JANUARY

[No. 2272

PROKLAMASIE

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 13, 1969

DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN DIE WET OP GRENSBEHEER, 1967

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel vyftien van die Wet op Grensbeheer, 1967 (Wet 61 van 1967), verklaar ek hierby dat genoemde Wet, uitgesonderd artikel 13, op die eerste dag van Februarie 1969 in werking sal tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sestiende dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
 Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

S. L. MULLER.

PROCLAMATION

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 13, 1969

DATE OF COMMENCEMENT OF THE BORDER CONTROL ACT, 1967

Under and by virtue of the powers vested in me by section fifteen of the Border Control Act, 1967 (Act 61 of 1967), I do hereby declare that the said Act, except section 13, shall come into operation on the first day of February 1969.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Sixteenth day of January, One thousand Nine hundred and Sixty-nine.

J. J. FOUCHÉ,
 State President.

By Order of the State President-in-Council.

S. L. MULLER.

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. R. 81 24 Januarie 1969

WET TOT REGELING VAN DE TOELATING VAN PERSONEN TOT DE UNIE, 1913

REGULASIE

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 26 van die "Wet tot Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie", 1913 (Wet 22 van 1913), soos gewysig, die uitvaardiging van die volgende regulasies goed te keur ter vervanging van regulasie 20 (1) en 20 (6) van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 491 gepubliseer in *Buitengewone Staatskoerant* 761 van 3 April 1964:—

"20. (1) 'n Tydelike permit wat aan 'n verbode persoon ingevolge subartikel (1) van artikel vyf-en-twintig van die Wet uitgereik word, moet in die vorm wees soos voorgeskryf in Aanhangsel 5 of Aanhangsel 5 (a), of Aanhangsel 5 (b) van hierdie regulasies, en verleen aan die

A—36314

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF INTERIOR

No. R. 81 24 January 1969

ADMISSION OF PERSONS TO THE UNION REGULATION ACT, 1913

REGULATION

The State President has, in terms of section 26 of the Admission of Persons to the Union Regulation Act, 1913 (Act 22 of 1913), as amended, been pleased to make the following regulations in substitution for regulation 20 (1) and 20 (6) promulgated by Government Notice 491, published in *Government Gazette Extraordinary* 761 dated 3 April 1964:—

"20. (1) A temporary permit which may be issued to a prohibited person under subsection (1) of section twenty-five of the Act shall be in the form set out in Annexure 5, or Annexure 5 (a) or Annexure 5 (b) to these regulations, and shall entitle the holder to enter

1—2272

houer die reg om die Republiek of 'n bepaalde provinsie binne te kom of om tydelik in die Republiek of 'n bepaalde provinsie of gedeelte van 'n provinsie vir die een of ander goedgekeurde doel te woon."

"20. (6) Ten opsigte van elke permit in die vorm soos voorgeskryf in Aanhangsel 5, moet 'n bedrag van twee rand betaal word, en ten opsigte van elke permit in die vorm soos voorgeskryf in Aanhangsel 5 (b), moet 'n bedrag van 50c betaal word, en die paspoortbeheerbeampte kan voorts na sy goedvinde van die houer van sodanige permit verlang om 'n bedrag van hoogstens R1,000 te deponeer as waarborg dat die houer die voorwaardes, gemeld in die permit, sal nakom of om dié sekerheid wat die paspoortbeheerbeampte voldoende ag, vir die betaling van sodanige bedrag in plaas van sodanige deposito te stel. Die deposito word terugbetaal alleenlik nadat daar aan dié voorwaardes voldoen is en wanneer so 'n persoon die Republiek of die provinsie, na gelang van die geval, binne die tydperk waarvoor die permit uitgereik is, verlaat of wanneer die houer nie meer 'n verbode persoon is nie. Ten opsigte van 'n permit in die vorm soos voorgeskryf in Aanhangsel 5 (a), word geen bedrag betaal of deposito vereis nie."

No. R. 82 24 Januarie 1969

WET OP VREEMDELINGE, 1937

REGULASIE

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 11 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), soos gewysig, die Regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 337, gepubliseer in *Buitengewone Staatskoerant* 739 van 6 Maart 1964, te wysig—

(a) deur regulasie 6 (3) deur die volgende regulasie te vervang:—

"6. (3) Die Paspoortbeheerbeampte kan, na goeddunke, van die houer van 'n tydelike permit wat kragtens subartikel 1 van artikel vyf van die Wet uitgereik mag word, vereis om 'n bedrag van hoogstens eenduisend rand (R1,000) as sekuriteit te deponeer vir die nakoming deur die houer van die voorwaardes in die tydelike permit vermeld, of om enige sekuriteit te stel wat die paspoortbeheerbeampte voldoende ag vir die betaling van sodanige bedrag in plaas van sodanige deposito. Die deposito word terugbetaal slegs wanneer die vermelde voorwaardes nagekom is en wanneer sodanige houer die Republiek of Suidwes-Afrika verlaat binne die tydperk waarvoor die permit uitgereik is.";

(b) deur die Sesde Bylae te skrap.

No. R. 83 24 Januarie 1969

WET OP GRENSBEHEER, 1967

Dit word vir algemene inligting bekendgemaak dat ingevolge die bepalings van die Wet op Grensbeheer (Wet 61 van 1967) is die "Wet tot Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie, 1913," (Wet 22 van 1913), soos gewysig, en die Wet tot Reëling van Vertrek uit die Unie, 1955 (Wet 34 van 1955), soos gewysig, met ingang 1 Februarie 1969 onder andere, in die volgende opsigte gewysig:—

(a) Niemand mag die Republiek of die Gebied Suidwes-Afrika binnekom of verlaat behalwe by 'n toegangspoort nie, tensy magtiging aan hom deur die Minister van Binnelandse Sake of 'n paspoortbeheerbeampte, soos omskryf in die "Wet tot Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie, 1913," verleen is om die Republiek of die Gebied Suidwes-Afrika by 'n ander plek as 'n toegangspoort binne te kom of te verlaat.

the Republic or any particular province or to reside temporarily in the Republic or any particular province or portion of a province for some approved purpose."

"20. (6) In respect of each permit in the form set out in Annexure 5 a fee of two rand shall be paid, and in respect of each permit in a form set out in Annexure 5 (b) a fee of 50c shall be paid, and the Passport Control Officer may, further, in his discretion, require the holder of any such permit to deposit a sum not exceeding R1,000 as security for the observance by the holder of the conditions mentioned in the permit, or to furnish any security which the Passport Control Officer deems sufficient, for the payment of such sum, in lieu of such deposit. The deposit shall only be refunded upon the fulfilment of those conditions and upon such person leaving the Republic or the province (as the case may be) within the period for which the permit is issued or when the holder ceases to be a prohibited person. In respect of any permit in a form set out in Annexure 5 (a), no fee shall be paid nor shall any deposit be required thereon."

No. R. 82

24 January 1969

ALIENS ACT, 1937

REGULATION

The State President has, in terms of section 11 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), as amended, been pleased to amend the regulations as promulgated by Government Notice R. 337, published in *Government Gazette Extraordinary* 739 dated 6 March 1964 as follows:—

(a) The substitution of regulation 6 (3) by the following regulation:—

"6. (3) The Passport Control Officer may, in his discretion, require the holder of any temporary permit issued under subsection 1 of section five of the Act, to deposit a sum not exceeding one thousand rand (R1,000) as security for the observance by the holder of the conditions mentioned in the temporary permit or to furnish any security which the Passport Control Officer deems sufficient for the payment of such sum in lieu of such deposit. The deposit shall be refunded only upon fulfilment of the said conditions and upon such holder leaving the Republic or South West Africa within the period for which the permit is issued."

(b) The deletion of the Sixth Annexure.

No. R. 83

24 January 1969

BORDER CONTROL ACT, 1967

It is hereby notified for general information that in terms of the provisions of the Border Control Act, 1967 (Act 61 of 1967), the Admission of Persons to the Union Regulation Act, 1913 (Act 22 of 1913), as amended, and the Departure from the Union Regulation Act, 1955 (Act 34 of 1955), as amended, are amended with effect from 1 February 1969 in the following respects:—

(a) No person shall enter or depart from the Republic or the Territory of South West Africa except through a port of entry, unless authority has been granted to him by the Minister of the Interior or a Passport Control Officer, as defined in the Admission of Persons to the Union Regulation Act, 1913, to enter or depart from the Republic or the Territory of South West Africa at a place other than a port of entry.

(b) Vir doeleindes van die "Wet tot Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie, 1913," soos gewysig, en die Wet tot Reëling van Vertrek uit die Unie, 1955, beteken 'n "hawe" of "toegangspoort"—

(i) enige plek aan die kus van die Republiek of die Gebied Suidwes-Afrika; of

(ii) enige spoorwegstasie of plek in die Republiek of die gebied Suidwes-Afrika aan of by die grense; of

(iii) enige lughawe of vliegveld,

waar 'n paspoortbeheerbeampte gestasioneer is.

Die volgende is 'n lys van toegangspoorte tot die Republiek en die Gebied Suidwes-Afrika:—

Toegangspoort	Adres van paspoortbeheerbeampte
Sehawens	Kantooradres
Durban.....	Streekverteenwoordiger, Departement van Binnelandse Sake, Esplanade-staatskantore, hoek van Victoriadyk en Stangerstraat, Durban. Posadres: Privaatsak 4311, Telefoon 31-3151.
Luderitz.....	Paspoortbeheerbeampte, p/a Kontroleur van Doeane en Aksyns, Doeane kantoor, Hafestraat, Luderitz.
Mosselbaai.....	Paspoortbeheerbeampte, p/a Kontroleur van Doeane en Aksyns, Blandstraat 67, Mosselbaai.
Oos-Londen.....	Streekverteenwoordiger, Departement van Binnelandse Sake, Ou Reserwebankgebou, hoek van Cambridge- en Terminusstraat, Oos-Londen. Posadres: Privaatsak, Telefoon 2657.
Port Elizabeth.....	Streekverteenwoordiger, Departement van Binnelandse Sake, Nuwe Staatsgebou (Sesde Vloer), Hancockstraat, Noord-Einde, Port Elizabeth. Posadres: Privaatsak 3911, Telefoon 45491.
Tafelbaaihawes.....	Streekverteenwoordiger, Departement van Binnelandse Sake, Sanlamsentrum, Heerengracht, Kaapstad. Posadres: Privaatsak 9031, Telefoon 41-0511.
Walvisbaai.....	Paspoortbeheerbeampte, p/a Kontroleur van Doeane en Aksyns, Doeane kantoor, Harbourweg, Walvisbaai.
Lughawens	
D. F. Malanlughawe....	Streekverteenwoordiger, Departement van Binnelandse Sake, Sanlamsentrum, Heerengracht, Kaapstad. Posadres: Privaatsak 9031, Telefoon 41-0511.
J. B. M. Hertzoglughawe.	Streekverteenwoordiger, Departement van Binnelandse Sake, Volkskasgebou, Aliwalstraat, Bloemfontein. Posadres: Privaatsak X0531, Telefoon 81566.
J. G. Strijdomlughawe...	Streekverteenwoordiger, Departement van Binnelandse Sake, Marie Neefgebou, Göringstraat 24, Windhoek. Posadres: Privaatsak 13196, Telefoon 6241.

(b) For the purposes of the Admission of Persons to the Union Regulation Act, 1913, and the Departure from the Union Regulation Act, 1955, "port" or "port of entry" shall mean—

(i) any place on the coast of the Republic or the territory of South West Africa; or

(ii) any railway station or any place within the Republic or the Territory of South West Africa at or near any border thereof; or

(iii) any airport or aerodrome,

where a Passport Control Officer is stationed.

The following is a list of ports of entry to the Republic and the Territory of South West Africa:—

Ports of entry	Address of the Passport Control Officer
Seaports	Office address
Durban.....	Regional Representative, Department of the Interior, Esplanade Government Offices, cor. of Victoria Embankment and Stanger Street, Durban. Postal address: Private Bag 4311, Telephone 31-3151.
Luderitz.....	Passport Control Officer, c/o Controller of Customs and Excise, Customs Office, Hafestraat, Luderitz.
Mossel Bay.....	Passport Control Officer, c/o Controller of Customs and Excise, Customs Office, 67 Bland Street, Mossel Bay.
East London.....	Regional Representative, Department of the Interior, Old Reserve Bank Building, cor. of Cambridge and Terminus Streets, East London. Postal address: Private Bag, Telephone 2657.
Port Elizabeth.....	Regional Representative, Department of the Interior, New Government Building (Sixth Floor), Hancock Street, North End, Port Elizabeth. Postal address: Private Bag 3911, Telephone 45491.
Table Bay Harbour.....	Regional Representative, Department of the Interior, Sanlam Centre, Heerengracht, Cape Town. Postal address: Private Bag 9031, Telephone 41-0511.
Walvis Bay.....	Passport Control Officer, c/o Controller of Customs and Excise, Customs Office, Harbour Road, Walvis Bay.
Airports	
D. F. Malan Airport....	Regional Representative, Department of the Interior, Sanlam Centre, Heerengracht, Cape Town. Postal address: Private Bag 9031, Telephone 41-0511.
J. B. M. Hertzog Airport..	Regional Representative, Department of the Interior, Volkskas Building, Aliwal Street, Bloemfontein. Postal address: Private Bag X0531, Telephone 81566.
J. G. Strijdom Airport...	Regional Representative, Department of the Interior, Marie Neef Building, 24 Göring Street, Windhoek. Postal address: Private Bag 13196, Telephone 6241.

Toegangspoort	Adres van paspoortbeheerbeampte
Jan Smutslughawe.....	Beampte-in-bevel, Paspoortbeheerkantoor, Jan Smutslughawe. Telefoon 975-2553 en 975-2751.
Kimberleylughawe.....	Streekverteenvoordiger, Departement van Binnelandse Sake, Tweede Vloer, Saambougebou, Du Toitspanweg 89-99, Kimberley. Posadres: Privaatsak 5009, Telefoon 7315.
Louis Bothalughawe.....	Streekverteenvoordiger, Departement van Binnelandse Sake, Esplanade-staatskantore, hoek van Victoriadyk en Stangerstraat, Durban. Posadres: Privaatsak 4311, Telefoon 31-3151.
Virginalughawe.....	Streekverteenvoordiger, Departement van Binnelandse Sake, Esplanade-staatskantore, hoek van Victoriadyk en Stangerstraat, Durban. Posadres: Privaatsak 4311, Telefoon 31-3151.
Wonderboomlughawe....	Sekretaris van Binne'andse Sake, Binnelandse Sakegebou, hoek van Schoeman- en Van der Walt-straat, Pretoria. Posadres: Privaatsak 114, Telefoon 82551 x 66.
Republiek-Botswana-Grens	
Bray.....	p.a. S.A. Polisie, Pk. Bray, oor Vryburg.
Buffelsdriftheek.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 537, Thabazimbi.
Derdepoort.....	p.a. S.A. Polisie, Pk. Derdepoort, oor Rustenburg.
Gemsbok.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 894, Koopan-Noord, oor Upington.
Groblersbrug.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak, Tom Burke, oor Potgietersrus.
Kopfonteinhek.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 1016, Zeerust.
Mafeking.....	Die Beampte-in-bevel, Paspoortbeheerkantoor, Posbus 119, Mafeking. Telefoon 61.
Makgobistad.....	p.a. S.A. Polisie, Distrik Mafeking.
Pontdrift.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 1035, Waterpoort.
Ramatlhabama.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 34, Mafeking.
Saamboubrug.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 2470, Potgietersrus.
Schilpadshek.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 1003, Zeerust.
Stockpoort.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 108, Tulipoort, oor Vaalwater.
Swartkopfonteinhek.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 1006, Zeerust.
Zanzibar.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 2482, oor Potgietersrus.

Ports of entry	Address of the Passport Control Officer
Jan Smuts Airport.....	Officer in Charge, Passport Control Office, Jan Smuts Airport. Telephone 975-2553 and 975-2751.
Kimberley Airport.....	Regional Representative, Department of the Interior, Second Floor, Saambou Building, 89-99 Du Toitspan Road, Kimberley. Postal address: Private Bag 5009, Telephone 7315.
Louis Botha Airport....	Regional Representative, Department of the Interior, Esplanade Government Offices, cor. of Victoria Embankment and Stanger Street, Durban. Postal address: Private Bag 4311, Telephone 31-3151.
Virginia Airport.....	Regional Representative, Department of the Interior, Esplanade Government Offices, cor. of Victoria Embankment and Stanger Street, Durban. Postal address: Private Bag 4311, Telephone 31-3151.
Wonderboom Airport....	Secretary for the Interior, Interior Building, cor. of Schoeman and Van der Walt Streets, Pretoria. Postal address: Private Bag 114, Telephone 82551 x 66.
Republic-Botswana Border	
Bray.....	c/o S.A. Police, P.O. Bray, via Vryburg.
Buffelsdriftheek.....	c/o S.A. Police, Private Bag 537, Thabazimbi.
Derdepoort.....	c/o S.A. Police, P.O. Derdepoort, via Rustenburg.
Gemsbok.....	c/o S.A. Police, Private Bag 894, Koopan North, via Upington.
Groblersbrug.....	c/o S.A. Police, Private Bag Tom Burke, via Potgietersrus.
Kopfonteinhek.....	c/o S.A. Police, Private Bag 1016, Zeerust.
Mafeking.....	The Officer in Charge, Passport Control Office, P.O. Box 119, Mafeking. Telephone 61.
Makgobistad.....	c/o S.A. Police, District of Mafeking.
Pontdrift.....	c/o S.A. Police, Private Bag 1035, Waterpoort.
Ramatlhabama.....	c/o S.A. Police, Private Bag 34, Mafeking.
Saamboubrug.....	c/o S.A. Police, Private Bag 2470, Potgietersrus.
Schilpadshek.....	c/o S.A. Police, Private Bag 1003, Zeerust.
Stockpoort.....	c/o S.A. Police, Private Bag 108, Tulipoort, via Vaalwater.
Swartkopfonteinhek.....	c/o S.A. Police, Private Bag 1006, Zeerust.
Zanzibar.....	c/o S.A. Police, Private Bag 2482, via Potgietersrus.

<i>Toegangspoort</i>	<i>Adres van paspoortbeheerbeampte</i>	<i>Ports of entry</i>	<i>Address of the Passport Control Officer</i>
Republiek-Lesotho-Grens		Republic-Lesotho Border	
Caledonspoort.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak X705, Fouriesburg.	Caledonspoort.....	c/o S.A. Police, Private Bag X705, Fouriesburg.
Ficksburgbrug.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak X021, Ficksburg.	Ficksburg Bridge.....	c/o S.A. Police, Private Bag X021, Ficksburg.
Makhaleenbrug.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak, Zastron.	Makhaleen Bridge.....	c/o S.A. Police, Private Bag, Zastron.
Maserubrug.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak X6, Ladybrand.	Maseru Bridge.....	c/o S.A. Police, Private Bag X6, Ladybrand.
Monantsapas.....	p.a. S.A. Polisie, Pk. Witsieshoek.	Monantsa Pass.....	c/o S.A. Police, P.O. Witsieshoek.
Marseil.es.....	p.a. S.A. Polisie, Marseilles.	Marseilles.....	c/o S.A. Police, Marseilles.
Ongeluksnek.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 754, Matatiele.	Ongeluksnek.....	c/o S.A. Police, Private Bag 754, Matatiele.
Pekabrug.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak Gumtree, O.V.S.	Peka Bridge.....	c/o S.A. Police, Private Bag, Gumtree, O.F.S.
Qacha's Nek.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 761, Matatiele.	Qacha's Nek.....	c/o S.A. Police, Private Bag 761, Matatiele.
Ramatsilitsoshek.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 800, Matatiele.	Ramatsilitsoshek.....	c/o S.A. Police, Private Bag 800, Matatiele.
Sani Pass.....	p.a. S.A. Polisie, Possak Himeville, Natal	Sani Pass.....	c/o S.A. Police, Post Bag Himeville, Natal.
Tellebrug.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 22, Zastron.	Telle Bridge.....	c/o S.A. Police, Private Bag 22, Zastron.
Van Rooyenshek.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak X10, Wepener.	Van Rooyenshek.....	c/o S.A. Police, Private Bag X10, Wepener.
Republiek-Mosambiek-Grens		Republic-Mocambique Border	
Komatipoort.....	Beampte-in-bevel, Paspoortbeheerkantoor, Komatipoort. Posadres: Posbus 16, Telefoon 19.	Komatipoort.....	Officer-in-Charge, Passport Control Office, Komatipoort. Postal address: P.O. Box 16, Telephone 19.
Lebombo.....	Beampte-in-bevel, Paspoortbeheerkantoor, Komatipoort. Posadres: Posbus 16, Telefoon 19.	Lebombo.....	Officer-in-Charge, Passport Control Office, Komatipoort. Postal address: P.O. Box 16, Telephone 19.
Mpondweni.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 541, Hectorspruit.	Mpondweni.....	c/o S.A. Police, Private Bag 541, Hectorspruit.
Muzi.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak, oor Mkuze, Natal.	Muzi.....	c/o S.A. Police, Private Bag, via Mkuze, Natal.
Pafuri.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 1328, Soekmekaar.	Pafuri.....	c/o S.A. Police, Private Bag 1328, Soekmekaar.
Republiek-Rhodesië-Grens		Republic-Rhodesia Border	
Beit Bridge.....	Beampte-in-beheer, Paspoortbeheerkantoor, Beitbrug. Posadres: Posbus 30, Telefoon 2203 (Messina).	Beit Bridge.....	Officer-in-Charge, Passport Control Office, Beit Bridge. Postal address: P.O. Box 30, Telephone 2203 (Messina).
Republiek-Swaziland-Grens		Republic-Swaziland Border	
Bordergate.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 519, Komatipoort.	Bordergate.....	c/o S.A. Police, Private Bag 519, Komatipoort.
Bothashoop.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak A1, Piet Retief.	Bothashoop.....	c/o S.A. Police, Private Bag A1, Piet Retief.
Golela.....	p.a. S.A. Polisie, Pk. Golela.	Golela.....	c/o S.A. Police, P.O. Golela.
Houdkop.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak A2, Piet Retief.	Houdkop.....	c/o S.A. Police, Private Bag A2, Piet Retief.
Jeppes Reef.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 534, Hectorspruit.	Jeppes Reef.....	c/o S.A. Police, Private Bag 534, Hectorspruit.
Josefsdal.....	p.a. S.A. Polisie, Posbus 21, Barberton.	Josefsdal.....	c/o S.A. Police, P.O. Box 21, Barberton.

Toegangspoort	Adres van paspoortbeheerbeampte
Nerston.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak, Lothair.
Mahamba.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak A3, Piet Retief.
Onverwacht.....	p.a. S.A. Polisie, Pk. Pongola, oor Vryheid, Natal.
Oshoek.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak, Breyten.
S.W.A.-Angola-Grens	
Oshikango.....	p.a. S.A. Polisie, Oshikango.
S.W.A.-Botswana-Grens	
Buitepos.....	p.a. S.A. Polisie, Privaatsak 2104, Gobabis.
S.W.A.-Zambië-Grens	
Katima Mulilo.....	Paspoortbeheerbeampte, Katima Mulilo, p.a. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Posbus 384, Pretoria.

Ports of entry	Address of the Passport Control Officer
Nerston.....	c/o S.A. Police, Private Bag, Lothair.
Mahamba.....	c/o S.A. Police, Private Bag A3, Piet Retief.
Onverwacht.....	c/o S.A. Police, P.O. Pongola, via Vryheid, Natal.
Oshoek.....	c/o S.A. Police, Private Bag, Breyten.
S.W.A.-Angola Border	
Oshikango.....	c/o S.A. Police, Oshikango.
S.W.A.-Botswana Border	
Buitepos.....	c/o S.A. Police, Private Bag 2104, Gobabis.
S.W.A.-Zambia Border	
Katima Mulilo.....	Passport Control Officer, Katima Mulilo, c/o Department of Bantu Administration and Development, P.O. Box 384, Pretoria.

Vliegvelde

Nota.—Vir doeleindes van die Lugvaartregulasies 1963, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1779 gedateer 15 November 1963 (*Buitengewone Staatskoerant* 650, gedagteken 15 November 1963) (Regulasiekoerant 249), en daaropvolgende wysigings is die vliegvelde wat hieronder aangedui word, aangewese vliegvelde met betrekking tot die gebied wat in elke geval aangedui word. Waar 'n paspoortbeheerbeampte van die Departement van Binnelandse Sake nie by 'n aangewese vliegveld beskikbaar is nie, sal die paspoortbeheerklaring van vliegtuie wat daar neerstryk, deur die Suid-Afrikaanse Polisie onderneem word.

Lesotho.—Aliwal-Noord, Bethlehem, Ficksburg, Jan Smutslughawe, J. B. M. Hertzoglughawe (Bloemfontein), Ladybrand, Ladysmith (Natal), Louis Bothalughawe (Durban), Matatiele, Randlughawe, Sani Pass, Virginia (Durban), Wepener, Wonderboom.

Swaziland.—Ermelo, Jan Smutslughawe, Komatipoort, Louis Bothalughawe (Durban), Messina, Piet Retief, Pongola, Randlughawe, Riverview, Virginia (Durban), Wonderboom.

Botswana.—Gobabis, Grootfontein, Jan Smutslughawe, J. B. M. Hertzoglughawe (Bloemfontein), J. G. Strijdomlughawe (Windhoek), Katima Mulilo, Keetmanshoop, Kimberley, Kuruman, Mafeking, Mariental, Pietersburg, Randlughawe, Upington, Vryburg, Wonderboom.

Aerodromes

Note.—For the purpose of the Air Navigation Regulations, 1963, published under Government Notice R. 1779, dated 15 November 1963 (*Government Gazette Extraordinary* 650, dated 15 November 1963) (Regulation Gazette 249) and subsequent amendments, the aerodromes mentioned below are designated aerodromes in relation to the territory indicated in each case. Where a Passport Control Officer of the Department of the Interior is not available at a designated aerodrome, the passport control clearance of aircraft which may land at the aerodrome, will be undertaken by the South African Police.

Lesotho.—Aliwal Noord, Bethlehem, Ficksburg, Jan Smuts Airport, J. B. M. Hertzog Airport (Bloemfontein), Ladybrand, Ladysmith (Natal), Louis Botha Airport (Durban), Matatiele, Rand Airport, Sani Pass, Virginia (Durban), Wepener, Wonderboom.

Swaziland.—Ermelo, Jan Smuts Airport, Komatipoort, Louis Botha Airport (Durban), Messina, Piet Retief, Pongola, Rand Airport, Riverview, Virginia (Durban), Wonderboom.

Botswana.—Gobabis, Grootfontein, Jan Smuts Airport, J. B. M. Hertzog Airport (Bloemfontein), J. G. Strijdom Airport (Windhoek), Katima Mulilo, Keetmanshoop, Kimberley, Kuruman, Mafeking, Mariental, Pietersburg, Rand Airport, Upington, Vryburg, Wonderboom.

**INHOUD
PROKLAMASIE**

No.	BLADSY
R. 13. Datum van inwerkingtreding van die Wet op Grensbeheer, 1967	1
Binnelandse Sake, Departement van GOEWERMENTSKENNISGEWINGS	
R. 81. Wet tot Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie, 1913: Regulasie	1
R. 82. Wet op Vreemdelinge, 1937: Regulasie	2
R. 83. Wet op Grensbeheer, 1967: Wysiging van regulasies	2

**CONTENTS
PROCLAMATION**

No.	PAGE
R. 13. Date of commencement of the Border Control Act, 1967	1
Interior, Department of GOVERNMENT NOTICES	
R. 81. Admission of persons to the Union Regulation Act, 1913: Regulation	1
R. 82. Aliens Act, 1937: Regulation	2
R. 83. Border Control Act, 1967: Amendment of regulations	2

Koop Nasionale Spaarsertifikate | Buy National Savings Certificates

Om 'n

Bevredigende Telefoondiens

te verseker

- Lees die nuttige wenke en aanwysings wat op die bladsye in verband met spesiale dienste en oor ander inligting in u telefoongids voorkom.
- Maak u gesprekke so kort moontlik.
- Wees seker dat u die regte nommer het voordat u 'n oproep maak.
- Beantwoord u Telefoon onmiddellik en praat duidelik.

To ensure a

Satisfactory Telephone Service

- Read the special services and other information pages of your directory for useful hints and directions.
- Avoid long conversations.
- Be sure of the number you want before making a call.
- Answer your telephone promptly and speak distinctly.

Koop Nasionale Spaarsertifikate

Buy National Savings Certificates

Geregistreeerde pos is nie verseker nie.

Stuur waardevolle artikels per
VERSEKERDE PAKKETPOS
en
Geld deur middel van 'n **POSORDER** of
POSWISSEL.

◆
Stuur u pakkette per lugpos

—————*dis vinniger!*

◆
RAADPLEEG U PLAASLIKE POSMEESTER.

Registered mail carries no insurance.

Send valuables by
INSURED PARCEL POST
and
Money by means of a **POSTAL ORDER** or
MONEY ORDER.

◆
Use air mail parcel post

—————*It's quicker!*

◆
CONSULT YOUR LOCAL POSTMASTER.